

# *Vlugskrif*

---

April 2017 (1)



UNIVERSITEIT  
STELLENBOSCH  
UNIVERSITY

Uitgegee deur  
die Vereniging vir Afrikaansstudente  
van die  
Departement Afrikaans & Nederlands

## **Natasha Harmse**

---

Die wind maak poppespel van die aarde.

## **Chanique Martin**

---

Helderlig

## **Andries Meyer**

---

Waterwoestyn

Valentynsdag

## **Emile Opperman**

---

Aan die man van my drome

Ek voel te veel

## **Elodi Troskie**

---

andré se instagram

## **Anke van der Merwe**

---

Herinnerings en liggame is net titels van lang gedigte

Alliterasie

Samestellersnota: Alle inskrywings word in *Vlugskrif* geplaas soos hulle van die skrywers ontvang is. © Inskrywings word met toestemming van die skrywers in *Vlugskrif* geplaas, en die skrywers bly die eienaars van die kopiereg op hulle werk. *Vlugskrif*, of enige van die inskrywings wat daarin geplaas word, mag nie sonder toestemming van die redaksie of die betrokke skrywer gekopieer word nie. Navrae kan gestuur word na [penseel@sun.ac.za](mailto:penseel@sun.ac.za).

*Natasha Harmse*

Die wind maak poppespel van die aarde.

Die bome dans. Die hoeke sing.

My hart was 'n poppespel vir jou.

Jy het ingeloer,

En ontevrede,

Weggewaai.

## Helderlig

*Chanique Martin*

Snags lê ek op my bed  
 En speel rolprentjies in my kop  
 Van die goeie dae is ek verlange  
 'n Aanhoudelike film sonder slot  
 Die son vat aan my vel  
 Ek lag en speel met hom  
 Hy hardloop saam my waar ook al,  
 Ek bied aan hom 'n blom  
 Mevrou lyk so nors, en teken op die bord  
 Haar arms swaai soos 'n kwaaiierige tak  
 “Niks meer pret en speletjies nie, julle’s nou groot”  
 Oegies gaan groot, my lewe kry nou pak  
 Die hoedjie vlieg op in die lug  
 Ek gee uit drukkies soos 'n belangrike taak  
 Moeder se oë blink soos die maan; ek gee haar 'n drukkie ook  
 “Mamma, ek het dit gemaak”  
 My tweede lief skyn net so helder  
 Ek lê my kop op sy skouer  
 'n Belofte net aan ons twee  
 Die ring verskyn met my altyd,  
 Ek word ouer en ouer...  
 Die kleintjie hou haar ouma se hand  
 So klein en nog so onskuldig  
 “Eendag sal jou lewe ook verander,  
 wees maar net so geduldig”  
 Vandag lê ek op my bed  
 Die laaste rolprent speel nou uit  
 My eerste lief verskyn helder deur die venster  
 “Toe maar, ek’s nou daar” se ek stilletjies

En verdwyn op ons laaste date

*Vlugskrif*

*April 2017 (1)*

**VerfRas**

## Waterwoestyn

*(na Johan De Lange)*

*Andries Meyer*

ek háát rym; fyn  
stukkies waterwoestyn  
wat rol-rol in branders  
stuk-stuk versuip;  
die digters vrot in die sin  
uitgespoel en verflenter -  
maar ek sien jou in koeplette  
waar vryeverse verval  
in die klank van klank  
wat wegwyn  
in my hand

## Valentynsdag

*Andries Meyer*

dit is tog algemene kennis:

liefde dra 'n borsspeld,

soms vroegoggend in die reën

soms laataand as ons in mekaar in

oopvou;

ons vergewe hom daarvoor:

dat ons sat sit en huil

voor spieëlkaste en gevlekte lakens

waar woorde 'n gevloekery aanpak

en clichés eweskielik nie meer

betekenis dra nie -

maar die fallus weet van beter

altyd met Eva in sy skoot,

pluk die borsspeld lustig af

en fok geweldig voort.

## **Aan die man van my drome**

*Emile Opperman*

Ek hoop ek ontmoet jou iewers onverwags, dog romanties

Miskien onder 'n boom in die laan

Met 'n Marlboro in jou hand

en 'n iPhone in jou gatsak

en die hemel in jou glimlag.

Ek hoop dat jy sal lieg en se my gedigte is mooi

selfs al weet ons altwee dis kak.

Ek hoop jy sal okay daarmee wees as ek jou hand op pad klas toe vashou

En dat ek jou voor die ander studente koebaai soen

want jy weet seker hoe party na ons sal kyk.

Ek hoop ek ontmoet jou iewers onverwags, dog romanties

En dat jy sal kies om te bly

ten spyte van my melodramatiese bestaan

lae selfbeeld en gebrek aan emosionele onafhanklikheid -

die laaste legkaartstukkie wat my hart sal heel maak.

Ek sal voort soek na jou onder elke boom in die laan.

## **Ek voel te veel**

*Emile Opperman*

Want hierdie aarde het die gewoonte  
Om jou twee keer te laat dink -  
Wat is hierdie lewe  
as niemand jou foto's op Instagram like nie  
of as net jou ma op jou kontroversiële Facebook posts comment  
of as jy te veel voel oor hy nie jou Whatsapps antwoord nie  
en jou oproepe ignoreer  
of as die here te kripties praat om te interpreteer  
Want ek voel soms te veel  
terwyl ek eintlik net wil voel  
hoe die teer op my longe gaan lê  
en hoe die alkohol in my are vlamvat  
en die aarde se probleme  
van my af wegvat.



**andré se instagram***Elodi Troskie*

andré stuur vir ingrid 'n dm  
hulle like mekaar se foto's  
en skimp-skimp  
in vae filters en kriptiese captions  
tot hy eendag besluit  
om hul chat te screenshot  
en op sy story te post

nou weet al sy followers  
waaroor hulle gesels het

## **Herinnerings en liggame is net titels van lang gedigte**

### **Kommentaar op André P. Brink**

*Anke van der Merwe*

Is dit al wat dit is?

Net swart op wit.

Onsigbare stof so belangrik

dit breek-bou ons wêrelde.

Gevoelens in vingerpunte

en lippe wat my kop vul.

Sulke onsaglike belangrike dinge

probeer ons indruk op papier

probeer woorde die gevoel vasvang

maar dit kan nie.

Dit wil nie.

Valse titel hoor

Absoluut vals

Herinnerings en liggame is soveel meer as net titels van lang gedigte.

## Alliterasie

*Anke van der Merwe*

Afrikaans maak my moeg man.

Het jy daai alliterasie gesien?

Pragtig papier p en oes.

Die woorde is irreterend.

Elkeen klink óf te onnosel óf te hoogdrawend of sommer selfsugtig.

Simpel alliterasie.

Die taal bly vuil.

Iewers kruip daar altyd 'n ander tong in.

Is dit 'n teken van swakheid of voorganklikheid?

Of sommer net irriterendheid?

Jissou die taal maak my moeg.

Ekstra punte vir alliterasie.

Daar moet net heelyd geveg word.

Die taal kan niks op sy eie doen nie.

Moenie my verkeerd verstaan nie,

ek is beslis dankbaar vir die alliterasie.

Ag ek bedoel die taal.

Dit skep my kultuur en identiteit en

toekoms en geskiedenis.

Die taal is beslis baie belangrik.

Nog 'n keer.

Ons word gevorm deur hom.

Moenie van rym vergeet nie.

Dié taal sal my kinders vorentoe vat

vinnig vanuit vandag vanaand.

Maar goeie genade.

Alliterasie.

Word net wakker.

En staan sterk stadig seer seker sommer.

Simpel alliterasie.